U3A STILBAAI: BESTUURSKOMITEE

NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP MAANDAG 26 FEBRUARIE 2024 OM 10:00 IN DIE WAENHUIS, JAGERSBOSCH, STILBAAI-WES

1. VERWELKOMING	Deon heet almal teenwoordig welkom. Hy bring hulde aan Niel van Wyk, die vorige voorsitter en medestigter van U3A op Stilbaai wat onlangs skielik oorlede is. Hy was enig in sy soort en onvervangbaar.
2. BYWONING EN VERSKONINGS	Bywoning: 75 lede is teenwoordig asook 4 besoekers (Bywoningsregister) Verskonings: 1. Roy en Linette Kretzen 2. Paul en Helena Krüger 3. Nugget en Kassie van Noordwyk 4. Johannes en Hella Döckel
3. VOORSITTERSVERSLAG	'n Volledige verslag is vooraf aan al die lede uitgestuur. Deon noem dat daar teen die einde van 2023 405 lede was. Daar is elke maand, behalwe in Desember, maandelikse praatjies gehou deur uitstekende sprekers wat met hul prikkelende onderwerpe en knap aanbieding die teenwoordiges se lewens verryk. Daar is ook 'n wye verskeidenheid groepe wat deel vorm van die U3A wie se bedrywighede in die Jaarverslag uiteengesit is.
4. GOEDKEURING VAN JAARVERSLAG	Die verslag word aanvaar. Voorsteller: John Willemse
5. FINANSIëLE VERSLAG	Dit is ook vooraf aan al die lede gesirkuleer. Die Vereniging se bankbalans is tans baie gunstig. Daar is 'n aansienlike bydrae tot die Voëlgroep gemaak wat uitstekende werk gedoen het t.o.v. die opgradering van die voëlskuiling. Die verslag word aanvaar. Voorsteller: Dr Marietjie Strydom
6. BEDANKINGS	Die voorsitter bedank almal teenwoordig, die komiteelede, Max Döckel wat die ouditeerwerk gedoen het asook Jagersbosch wat altyd die saal kosteloos tot ons beskikking stel.
7. NUWE KOMITEE	Al die lede van die bestaande komitee is weer beskikbaar. Daar is egter vakatures op die komitee met Niël se heengaan en Nina du Toit se bedanking. Twee nuwe komiteelede se name word voorgelê en aanvaar. Hulle is Hedwig van Coller, voorgestel deur Eugenie Wiggins en Paul Krüger voorgestel deur Ronel Begemann. Die komiteelede is dan nou: Deon Begemann, Johan Buys, Paul Krüger, Karel Nel, Phil Scheffer,

	Marguerite Smit, Hedwig van Coller, Estelle van Rooyen en Eugenie Wiggins.
8. AANSTELLING VAN ERE-OUDITEUR	Max Döckel word weer eens voorgestel en aanvaar.
9. VOORSTELLE VIR VERWYSING NA BESTUURSKOMITEE	Daar word voorgestel dat ’n Filosofiegroep onder die vaandel van die U3A gestig moet word. Voorsteller: Menno Stenvert
10. AFSLUITING VAN AJV	Die vergadering word om 10:15 afgesluit waarna die maandelikse praatjie deur Willem Doman volg.